

Wetenskaplike eksperiment

Hoe lank brand 'n kers?

Opdrag: Ondersoek hoe lank sal 'n kers brand wat bedek is met verskillende grootte glashouers.

Benodighede vir eksperiment:

1. 1 Kers
2. 1 Piering
3. 4 Glasbottels – Klein, medium, groot en ekstra groot.
4. Wondergom
5. Vuurhoutjies
6. Stophorlosie

Metode

1. Gebruik wondergom om die 1 kers stewig op die piering vas te plak.
2. Steek die kers aan.
3. Plaas die klein glashouer oor die kers. Meet die tyd wat dit neem voordat die kers doodgaan. Skryf jou resultaat neer.
4. Herhaal stap 3 met al die verskillende groottes glashouers.
5. Skryf jou resultate neer in die tabel hieronder en beantwoord dan die vrae.

Resultate

Eksperiment	Resultaat – Tyd wat dit geneem het
1. Kers in klein glashouer	
2. Kers in medium glashouer	
3. Kers in groot glashouer	
4. Kers in ekstra groot glashouer	

Beantwoord die volgende vrae:

1. In watter glashouer het die kers die langste gebrand? _____
2. In watter glashouer het die kers die korste gebrand? _____

3. Identifiseer die hittebronne wat die begin energie verskaf wanneer 'n kers gelig word.

4. Waarom het die kers doodgegaan nadat jy die glas oor die kers geplaas het?

5. Waarom dink jy is daar 'n verskil in die tyd wat die kers geneem het om dood te gaan?

Wetenskaplike eksperiment

Hoe lank brand 'n kers - Memorandum

Vrae:

1. **In watter glashouer het die kers die langste gebrand?** Klein glashouer
2. **In watter glashouer het die kers die korste gebrand?** Ekstra groot glashouer
3. **Identifiseer die hittebronne wat die begin energie verskaf wanneer 'n kers gelig word.**

Die hittebronne is die aangesteekte vuurhoutjie.

4. **Waarom het die kers doodgegaan nadat jy die glas oor die kers geplaas het?**

Die kers het al die suurstof in die lug opgebruik in die glas. Verbranding kan nie sonder suurstof gebeur nie.

5. **Waarom dink jy is daar 'n verskil in die tyd wat die kers geneem het om dood te gaan?**

Die klein glas het minder lug, dus minder suurstof as die groter glas.

Hoe kleiner die hoeveelheid suurstof, hoe gouer word dit opgebruik en hoe gouer gaan die kers dood.